Tema: Week 1 - Waar is jy?
Gen 3:1-13

Ons skop ons *Sewe* Weke reeks af met die oorkoepelende tema van *7 vrae wat God aan ons vra*. Dalk ‘n vreemde gedagte dat God vrae aan ons stel. Dalk is jou verwagting, jou prentjie van God eerder dat Hy na ons vrae moet luister en antwoorde vir ons moet kom gee.

In sy boek *Questions God asks us* (2008), kyk die Methodiste Teoloog Trevor Hudson na vrae wat God aan ons stel, en hoekom Hy vrae vir ons sou vra. Hy maak dan ‘n belangrike opmerking: *Transformasie kom deur vrae, nie antwoorde nie.* In die vrae wat God aan ons vra, wil Hy ons intrek in ‘n gespreksverhouding met Hom, na ‘n dieper intimiteit.

Genesis 3:1-13
In die bekende verhaal in Gen 3:1-13 verlei die slang vir Eva om van die verbode vrugte te eet en gee sy ook aan Adam daarvan. Ewe skielik gaan hulle oë oop vir wat reg en verkeerd is en besef hulle hulle is kaal. Dan begin die wegkruiper-speletjie. Eers probeer hulle wegkom van mekaar deur hulle skaamte met vyeblare te bedek. Dan hoor hulle God in die tuin wandel, raak bang en kruip vir Hom weg, tussen die bome. *Maar die Here God het na die mens geroep en hom gevra: Waar is jy?*

Die Genesis 3 verhaal as die argetipe van ons elkeen se storie van skaamte
Op verskillende vlakke is die Genesis 3 verhaal ons elkeen se storie van swak keuses, die gevolge daarvan en wat ons met ons skaamte doen. Wanneer ons keuse ons in die moeilikheid bring en ons gekonfronteer word, is die eerste wat ons doen om onsself te verontskuldig, en die blaam op iemand anders te sit. Die onmiddellike gevolg daarvan is verwydering. Ons blaam bring afstand, en ek probeer my skaamte bedek wat verdere afstand bring. Uit vrees dat ek gevang gaan word, gaan kruip ek weg. En wanneer ek ‘n stem hoor wat my soek, weet ek ek is diep in die moeilikheid...

God se eerste vraag, 'n onthulling van sy soek-geaardheid

8Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. 9Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?"

Die verrassende wending in die Gen 3 verhaal na Adam en Eva se ontdekking van hulle skaamte, die verwydering wat plaasvind en hulle wegkruip, is dat ons nie 'n reaktiewe God kry wat die twee uittrap en wil straf nie. God gaan soek hulle, roep na hulle met 'n besorgde en deernisvolle *Waar is jy?*

In hierdie vraag *Waar is jy?* is daar twee belangrike aspekte opgesluit. In die eerste plek is dit 'n *identiteitsvraag*: God soek *my.* Hy soek *iets wat is.* Hy soek dit wat Hy gemaak het: sy beeld in my. Sy soeke verklap dat ek vir Hom waarde het.

Die ander aspek wat opgesluit lê in die vraag, gaan oor *roeping*. "Ek soek jou, want Ek het jou nodig. Jy is my verteenwoordiger, die een wat moet oppas en versorg."

Die uiteinde van Gen 3 is 'n einde aan die tuin. Hulle moet uit. Die res van die OT is 'n herhaling van wat hier plaasvind. Elke keer as die volk dink hulle weet, en die verkeerde keuses maak, is dit God wat hulle agtervolg, maar nie soos 'n bloedhond om hulle te vang nie, maar soos 'n skaaphond wat hulle aankeer (vgl Francis Thompson se *The Hound of Heaven*). Dit is sy goedheid en guns wat ons agtervolg (Ps 23).

Die mooi van God se karakter wat ons hier sien, is dat ons nêrens vir God kan wegkruip nie. Die verrassing dat wanneer ons van Hom probeer wegkom, Hy reeds daar vir ons wag (vgl Ps 139).

Jesus, God se verrassing op die dilemma van die verlies van die tuin

In Jesus sien ons die beliggaming van die soekende God. En anders as met die tuin verhaal, eindig die stories in Luk 15 na 'n soektog elke keer met 'n fees as daar gevind is – die verlore munt, die een skaap, die seun wat huis toe gekom het. Die evangelie – die Goeie nuus is dat God in Jesus aanhou soek, maak nie saak hoe groot die verleentheid van jou verlorendheid is nie. Hy gee Homself. En die verhaal eindig ook met 'n boomstorie – waar Jesus aan die dwarshout van 'n boom hang, Sy lewe gee; sodat ons gevind kan word.

Om oor na te dink

- *Waar is jy* op die oomblik in jou lewe?
- Laat hierdie aanhaling van Rainer Maria Rilke vir 'n oomblik op jou hart gaan lê:

  "Be patient toward all that is unsolved in your heart and try to love the questions themselves, like locked rooms and like books

that are now written in a very foreign tongue. Do not now seek the answers, which cannot be given you because you would not be able to live them. And the point is, to live everything. Live the questions now. Perhaps you will then gradually, without noticing it, live along some distant day into the answer."

- Ons elkeen het verskillende rolle wat ons aanneem op 'n daaglikse basis. Hierdie rolle kan egter iets word waaragter ek skuil. Hoe sal dit lyk as die ware jy sy/haar verskyning maak in die vergadering, by die huis, by jou vriende?